**Enkele grepe uit my kinderdae**

G P (Vis) Visagie, b1c9d14e3f11g8h4i2

Ek is die jongste van twee kinders en is op 22 Junie 1939 om 06:00 die oggend in ŉ spoorweghuis in Irene gebore en is op 3 September in die Bosmanstraatkerk gedoop, enkele dae nadat die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek het. My vader was ŉ spoorwegman en is in 1944 na Zeerust verplaas waar ek vir die volgende ses jaar die beste van my kinderdae deurgebring het.

Ek het redelik onlangs weer na die pragtige gebou op die Zeeruststasie gaan kyk. Na al die jare bly dit steeds ŉ imposante gebou. Oor hierdie stasie kan ek baie gesels.

Met die inwyding van die Voortrekkermonument in 1949 het die Wes-Transvaalse Rapportryers onder die bevel van ons stoeiheld, Manie Maritz, by die stasie aangedoen. Dit was vir ons kinders ŉ groot geleentheid. My suster, Rennette, was baie trots op oom Manie se handtekening op haar kappie. Ons was ook 16 Desember op Monumentkoppie.

Wanneer ons in die somer warm gery van die skool af kom, kon ons tussen die roomkanne in die koelkamer afkoel. ŉ Mens se voete het lekker op die brug se trappe gebrand, maar as dit koeler was, het die Betsjoeanalandbeeste wat netjies kop aan stert in die trokke gelaai was my van bo af lank besig gehou. As my pa op ŉ Sondag aan diens was, was die stasie doodstil en het ons met die kruiewaens op en af op die lang platform gery.
Saterdagoggende is die rolprente vir die stadsaal in stewige leerhouers afgelaai en kon die wat wou, uitvind wat daardie middag en aand vertoon word.

Die Suid-Afrikaanse Spoorweë het werk aan baie mense verskaf. Behalwe vir die stasiemeester en sy stasievoormanne was daar roepmanne, lampmanne, rangeerders, drywers, stokers, lokowerkers, klerke, kruiers, kondukteurs, kaartjieverkopers en -ondersoekers, en die oorwegbewaker wat met sy rooi vlaggie almal beveilig het.

Die bestuurder van die reusevragmotor en sy assistente het vraggery tot diep in die Bosveld. Die spoorbaaninspekteur het ’n elektriese karretjie gery terwyl die ploegbaas en sy span op die wonderlike pompkarretjie hul werk verrig het. Die groot spanne arbeiders wat met hul besondere dreunsang die onmoontlik-sware spoorstawe afgelaai en gelê het, het ’n onuitwisbare prentjie in my geheue gelaat.

So van ploegbase gepraat: teen die einde van 1949 het pa verneem dat hy na die Rand verplaas gaan word. Daar was geen amptelike behuising nie en hy en ma het gaan huis soek. Op pad terug en nadat die koop beklink is, het hulle op Parkstasie biltong en roomys gekoop en die trein gehaal. Teen slaaptyd het Ma die roomysbakkie mooi uitgespoel en haar tande daarin gebêre. Êrens gedurende die nag word sy wakker van die dors, gooi die bakkie se inhoud by die venster uit en les haar dors. Teen opstaantyd besef sy wat sy gedurende die nag met haar duur winkeltande aangevang het. Gelukkig het sy onthou hoe laat die ongelukkie plaasgevind het en kon Pa, die goeie spoorwegman, min of meer aan die ploegbaas beduie waar die tande behoort te lê. Niemand het seker baie vertroue in die soektog gehad nie, maar wonder bo wonder kom die kunstande ’n paar dae later onbeskadig, in ou vuil koerantpapier toegedraai, op die stasie aan. Na verskeie skoonmaakprosesse en sorgvuldige ontsmetting is Ma se tande weer veilig in haar mond en kon sy weer met ’n glimlag in die openbaar verskyn.

In my pa se kantoor was daar geen telefone nie. Kommunikasie van Johannesburg na al hierdie stasies het deur middel van die telegraaf geskied. Hierdie instrument met sy smal papierlint waarop die kort en lang strepies van die Morsekode getik is, het sonder ophou gekletter. Hoe Pa gehoor het wanneer ’n berig vir hom bedoel was, was vir my ’n wonder-werk. Hy kon ook die kort- en langboodskap sonder probleem van die lint aflees.

Die Spoorwegkamp lê suid van die stasie en agter ons huis was ‘n oop veld en net buite die dorpsgronde het die plase begin. Daar was seker ’n stuk of 10 tot 15 huise, almal met netjiese omheinde tuine, want daar het enkele melkkoeie en ’n paar donkies los geloop. Die grootmense kon tennis of jukskei speel en vir ons kinders was daar skoppelmaaie en ’n wipplank.

Agter ons huis was ’n ou gruisgat wat in die reëntyd vol water was en van die paddas en waterskilpaaie gewemel het. Ek het vroeg reeds vir my ’n voëlrek gebou – soetdoring maak gawe mikke – en alhoewel ek nooit ’n goeie skut daarmee was nie, was ek ’n ywerige jagter. Van ons kinders het soms met primitiewe gerei in die nabygeleë spruit gaan visvang en as ek gelukkig was, het Ma die ghieliemientjies vir my gaar gemaak.

As kinders het ons natuurlik baie in die natuurlewe belang gestel, maar daar was nie boeke beskikbaar nie. In die Springboksigaretdosies was daar egter kaartjies met prente van wilde diere, voëls, veldblomme en kampe van die Krugerwildtuin. ’n Mens kon vir drie pennies ’n album aanskaf waarin die kaartjies geplak kon word, maar jy moes iemand ken wat Springbok rook! Dit was dus die enigste bron van inligting, maar was maar skaars.

Daar was natuurlik baie honde en katte en hoenders in die spoorwegkamp. Niemand het eiers gekoop nie. Ons honde het nooit siek geword nie en het van pap en melk en oorskietkos geleef. Kastrasies op lastige reunhonde is deur ’n ervare boer gedoen. Die hoenders se luise is met aalwynblare wat in water gelê het, gedokter en die honde is Saterdae in *Jeyes Fluid* teen bosluise gebad. As die huiswerk gedaan was en jou werkies soos tuinnatgooi, hoenders versorg en houtkap afgehandel is, kon jy gaan speel maar sononder moes almal tuis wees, want dit was etenstyd, huisgodsdiens en skottelgoed was. Ma het dikwels die FAK-sangbundel uit die klavierstoel gehaal en dan het ons al ons volksliedere met klavierbegeleiding gesing en natuurlik met ’n stigtelike psalm of gesang afgesluit.

Oupa en ouma Visagie het gereeld met die trein kom kuier. Hulle het soggens en saans met skriflesing, gebed en sang godsdiens in die slaapkamer gehou. Oupa het graag staaltjies uit die Engelse oorlog vertel, maar ek kan helaas geen detail daarvan onthou nie. Ouma het nooit van die konsentrasiekamp waar daar van haar jonger broers en susters gesterf het, gepraat nie.

Ons het aanvanklik nie ’n yskas gehad nie en die *syfie* moes diens doen. Die trog op die dak moes vol water gehou word en op baie warm dae is die kooks natgespuit. Dit was koud in die koelkassie. Melk en vleis is daagliks by die huis afgelewer en is saam met die groente, botter en skaapvet in die *syfie* gebêre. Toe dit later met ’n paraffienmodel vervang is, het die *syfie* steeds vir die groente diens gedoen.

’n Donkiewa met ’n vrag brandhout het van tyd tot tyd die rondte gedoen en het 10 sjielings vir die vrag gevra. Die koolstoof moes gevoer word. Soms was daar ’n vrag geelperskes of waatlemoene en dan het Ma ingelê en konfyt gekook. Almal moes help. Toe pa sy eerste motor kry, het ons lemoene by oom Gawie Theron teen ’n daler vir 100 lemoene gaan koop. Nartjies, suurlemoene, bloedlemoentjies en pompelmoese was verniet.

Die nagkar se operateurs was met streepsakke beskerm wanneer hulle hierdie onwelriekende takie verrig het. Die muile wat die nagkar getrek het, was baie slim en het sonder enige aansporing of bevele al op die spoor van die nagemmers gestap en gestop wanneer daar gelaai moes word. Ek glo dit was dieselfde span wat die askar getrek het. Dit was ’n askar, want niks anders is in die asblik gegooi nie. Ons het alles hergebruik totdat dit regtig gedaan was.

Ons moes oor die treinbrug en ook oor die rivierbrug stap om by die kerk te kom. Die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk het op die bult gestaan. Dit was ’n pragtige groot gebou met vier galerye. As die preek soos verwag kon word, bokant kinders se vuurmaakplek was, was daar altyd ’n verdwaalde swaeltjie of spreeu wat die aandag kon aftrek. Die galery vir die orrel en die koor was bokant die kansel. Oom Frans Sadie, die blinde orrelis, het gesê dat die orrel heeltemal te “kragtig” vir die gebou was en as hy dit voluit sou speel, kon die mure dalk bars. Daar het dan ook soms met die eerste note (tot die kinders se vermaak en die kerkraad se ergernis) ’n vlermuis tussen die orrelpype uitgevlieg. Teen die mure van die Gedenksaal was die name van die dapper stryders van Marico teen die mure geverf. Kindersendingkrans en ander gemeentlike gebeure het ook daar plaasgevind.

Die dorp was stil en rustig. Woensdagmiddag was die winkels toe maar Saterdae tot laat oop want die boere het kom inkopies doen en vir kerk oorgebly. Sondae was daar ’n vreemde versameling voertuie by die kerk. Oom Arend Cuyler was die enigste man, met pluiskeil en manel, wat nog met sy kar en flukse span donkies kerk toe gekom het. Daar was soms nog ’n mooi spaaider met vier pragtige perde. Motors was min; die meeste dorpenaars het voetgeslaan.

Die skole was omtrent ʼn myl van die huis af en pa het met moeite vir my ʼn klein fietsie bekom want alles was skaars en soms onbekombaar in die oorlogtyd. Ek het gou leer ry maar was te klein om op en af te klim. Rennette het my aan die gang gekry en vooruit gejaag om my by die stilhouplekke te vang en weer aan die gang te kry. Van die skoolkinders was baie arm en het in die winter warm truie gekry. Daar was elke dag toebroodjies met goue stroop en grondboontjiebotter. Soggens vroeg het twee arbeiders eers die smeermengsel uit die twee 4-gellingblikke met pikstele in ʼn groot sinkbad aangemaak. Die Huishoukundemeisies van die aangrensende hoërskool het in die winter die heerlikste sop in groot driebeenpotte gemaak en het ons kleinspeeltyd in lang rye gewag en groot lawaai met die blikbekers gemaak.

Ek kan die meeste van my laerskool onderwysers nog goed onthou. Goeie mense. Speeltye is daar gespeel, woes gespeel: *Poeliesman en bandiet*, *hasie*, *boompie verplant*, *slangetjie*, *albasters*, *tol*, *bok-bok staan styf*, *perd en ruiter* en nog ander wat ek nie nou kan onthou nie.

Tydens 1947 se droogte het die blouwildebeeste oor die Betsjoeanalandgrens die Marico binnegestroom. Die wêreld was in rep en roer; waar al die bakkies en lorries vandaan gekom het, weet ek nie. Die gewere wat vir Jan Smuts weggesteek was, is uit die olielappe gehaal en die geheime ammunisie het weer die lig gesien. Oom Jackie Weideman was die enigste blanke polisieman en hy het seker maar anderpad gekyk. Al die wasgoeddrade en doringbome in die dorp het vol biltong gehang en jy kon ʼn wildebees vir ʼn halfkroon koop. Dit was glo die prys van ʼn honderd .303 patrone!

Dit was op Zeerust waar ek my eerste botsing met die gereg gehad het. Op ʼn dag het oom Jackie ons oor padveiligheid by die skool kom toespreek. Hy was veral bekommerd oor die stopteken by Kerkstraat waar niemand glo gestop het nie. Ek jaag dieselfde middag nog oor die gewraakte stopstraat waar oom Jackie in sy volle sersantmondering my voorkeer. Die boete was ʼn aardige halfkroon en ek moes dit self by die magistraatskantoor gaan betaal.

In 1950 is my vader na die Rand verplaas; daar het ek vir die eerste keer in my lewe met ʼn Engelsman kennis gemaak en vir die eerste keer Engels gehoor. Ek moes nou skoene en ʼn das skool toe dra. Die skool was dubbelmedium; die voertaal was een week Afrikaans en een week Engels. My lewe het onherroeplik verander.